# PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

# VIS EN SEEKOS

- Vis/Seekosallergieë beteken ŉ slegte reaksie op proteïene wat in verskillende seespesies gevind word.
- Die immuunstelsel of sensitiseerder/allergiese individu produseer IgE teenliggame wat lei tot die vrystelling van histamine en skadelike stowwe wanneer die voedsel geëet word.

## VIS

- Wêreldwyd speel vis en seekos ŉ belangrike rol in die menslike voeding.
- Die skuif na gesonder eetgewoontes en die vervanging van vleis met seekos in die dieet het beteken dat meer vis ingeneem word.
- Soveel as 2 000 verskillende visspesies word in Suider-Afrika aangetref.

**SEEKOS** is die oorkoepelende term wat gebruik word om 2 groepe van seediere te beskryf:

- **Krustaseë:** garnaal, kreef, steurgarnaal.
- **Molluske:** mossels, oesters, pylinkvis, kalamari en seekat.
- Jy is nie noodwendig allergies vir seekos indien jy allergies is vir vis nie.
- Jy is nie noodwendig allergies vir molluske indien jy allergies is vir krustaseë nie, en omgekeerd.

## WAT IS DIE SIMPTOME VAN VIS/SEEKOSALLERGIEË?

- Allergie vir vis/seekos kan lei tot byna enige allergiese simptome en teken, maar sommige hiervan is meer algemene as ander.
- Algemene simptome sluit veluitslae/swelling, naarheid/braking en swaar asemhaling in.
- Respiratoriese simptome kan in sensitiewe proefpersone voorkom na die inaseming van reuke tydens die kook of braai van vis.
- Meeste simptome ontwikkel binne 2 ure nadat vis geëet, geruik of hanteer is.
- Ernstige allergie kan lewensbedreigende anafilakse veroorsaak en moet met adrenalien behandel word.

***Vis/Seekosallergieë is nie dieselfde as Jodium-allergie nie!***

## HOE ALGEMEEN KOM SEEKOSALLERGIE VOOR?

Ware seekosallergie is meer algemeen by volwassenes as by kinders, maar is meer geneig om voort te duur in volwassenes indien die allergie tydens kinderjare bestaan het.

## ANDER ONGEWENSTE REAKSIES OP VIS

- Dit kan soms moeilik wees om ŉ pasiënt met ŉ visallergie te diagnoseer indien ander nie-allergiese reaksies betrokke is, byvoorbeeld as gevolg van visvergiftiging.
- **Skromboidvergiftiging** vind plaas wanneer bedorwe vis geëet is, wat gewoonlik gebeur wanneer vis nie behoorlik koel gehou is of wanneer daar te lank gewag is voordat dit verkoel is. Dit kom meer algemeen voor tydens die eet van visspesies met bruin vleis, soos geelstert, tuna en makriel. Simptome wat lyk soos 'n allergiese reaksie word gewoonlik binne 1-2 ure ondervind, en sluit prikkelling, sweet, hoofpyn, naarheid, braking, diarree en veluitslag/urtikaria op die vel in.
- **Ciguatera Visvergiftiging** word opgedoen van bankvis in tropiese en subtropiese water, wat moontlik aan die noordkus van Natal gevind word. Simptome sluit prikkeling in die hande en voete, lae hartklop en daling in bloeddruk in.
- Mense wat vis geëet het wat besmet was met klein parasitiese wurms genaamd Anisakis, het ook al allergiese reaksies getoon. Hierdie simptome wat ooreenstem met ŉ allergiese reaksies, word meestal aangemeld nadat rou vis of vis wat nie gaar genoeg was nie, geëet is. Dit word veroorsaak deur die allergie vir die parasiet wat in die vleis van die vis gevind word. 'n Eenvoudige bloedtoets kan die diagnose bevestig. In Suid-Afrika is Snoek gewoonlik betrokke.

## HOE WORD VISALLERGIEË GEDIAGNOSEER?

- Tydens seekosallergie is ŉ presiese en gedetailleerde geskiedenis baie belangrik, om aan te dui of die reaksie as gevolg van ŉ allergie of ŉ giftige stof voorkom.
- Die kliniese evaluering moet deur ŉ toets wat op ŉ bloedmonster uitgevoer word, beaam word, vir die vis/seekos wat moontlik die reaksie kon veroorsaak.

## BEHANDELINGSPLANNE

- Vermy enige direkte of indirekte blootstelling aan die betrokke vis, insluitende om dit te hanteer of geure in te asem terwyl dit gaargemaak word.
- Wees versigtig wanneer uitgeëet word, aangesien jou kos moontlik met vis besmet mag wees (bv. Aartappelskyfies en vis wat in dieselfde olie gaargemaak word).
- Dra ŉ *Medic Alert* armband en dra inspuitbare adrenalienspuite indien jy baie allergies is.

**OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**2013**

**Vertaling deur CIPLA geborg**